# HOOFSTUK IV.

## TOESTANDE KORT VOOR EN ONDER DIE BURGERS-WET. 1872—1877.

Burgers was geen onbekende in die Transvaal nie. Deur die Kaapse Sinode saam met sy vriend, Ds. Kotze van Darling, uit die predikamp ontset, vir afwyking van die ware leer, het die twee, van wie in alle geval Burgers goed met die wet op die hoogte was, dit nie daarby gelaat nie, en die uitspraak van die geestelike hof aan die wêreldse getoets, met die gevolg dat hulle die saak gewen het en in hulle amp herstel is. [1]) Hierdie verdediging van vermeende regte het hom heel wat naam besorg, en die bewondering by heel wat mense vir hom gaande gemaak, selfs ook in die ortodokse Transvaal. Die Noorde sou hom nog beter leer ken, want begin '71 het hy 'n reis na die oor-Vaalse onderneem en is orals met die grootste welwillendheid ontvang en het op baie plekke gepreek. [2]) Deur sy groot redenaarstalent het hy baie opgang gemaak, hoewel Di. Smits en v. Warmelo nie veel met sy idees opgehad het nie. [3])

Vir die volk van Transvaal het hy 'n groot simpatie gehad en hulle republikeinse vryheidsgees het hy geadmireer en hulle tekortkominge in die bes-moontlike lig verklaar. Hy het hulle beskou as maklik te lei en beweer dat diegene wat hom nie kan verplaas in die toestand, deel in die lot en volkome simpatiseer met die lief en leed van 'n volk, met die beste bedoeling ter wêreld daar nooit in sou slaag om 'n volk te verstaan en nog minder om dit goed te beoordeel nie. Hierin het hy 'n grens gestel wat hy self nie sou

---

[1]) Sien o.a. Roorda-Smit: aangeh. w; bls. 75.

[2]) Roorda Smit beweer dat hy destyds reeds vrywillig die predikamp neer gelê het om in die Transvaal te gaan boer. Die feit egter dat hy op sy reis in '71 nog op verskillende plekke in die Transvaal gepreek het skyn in 'n ander rigting te wys.

[3]) Burgers: Schetsen uit de Transvaal; bls. 28. Sien ook Het Volksblad van 25 Nov. 1871 en volgende nos.

oorskry nie. Sy moderne opvatting het hom op 'n vlak geplaas wat die laaste vir hom absoluut onmoontlik gemaak het. [1])

Hierdie feite het nog nie tot die volk deurgedring nie en hy is met 'n oorweldigende meerderheid as President verkies. In antwoord op rekwisiesies het hy o.a. as 'n plank in sy platform gehad dat hy die heil van Land en Volk wou behartig, o.a. deur 'n behoorlike en weluitgevoerde plan van onderwys vir alle stande van die maatskappy, deur 'n volstrekte erkenning van godsdiensvryheid vir alle kerkgenootskappe, ens. [2])

Op 1 Julie '72 het hy die ampseed afgelê. Sy besondere kennis en geleerdheid, sy grote welsprekendheid, sy entoesiasme en bo alles die hipnotiese invloed van sy persoonlikheid en woord het aan die begin alles meegesleep. Daarom is ook die mees rewolusionêre dinge — wat regstreeks teen die siel van die volk gevloek het — sonder slag of stoot aangeneem.

Die onderwys was nog steeds onder die sorg van U. R., 'n uiters onbevredigende toestand. [3]) In '72 het die Fungerende President 'n „generale school commissie" aanbeveel. [4]) Die Raad het Burgers toe opgedra om 'n skema by die volgende sitting in te dien. [5])

## DIE ONDERWYSRAPPORT VAN 1873.

Deur pressie van werk was daar nog niks reg vir die V. R. sitting op 24 Febr. '73 nie. Die U. R. het toe 'n week voor die sitting 'n kommissie aangestel, bestaande uit die here Skinner, Marais, Struben, Rhind en Buchanan, om 'n onderwysskema vir die republiek op te trek. [6]) Die 30ste Maart, e.v. is 'n omvangryke rapport ingedien.

---

[1]) Burgers: aangeh. w; bls. 22.

[2]) St. Crt. XV, 409, van 20-2-72.

[3]) Sien vorige hoofstuk.

[4]) St. Crt.: XV, 429, van 9-7-72.

[5]) do. 434 van 13-7-72.

[6]) Omtrent hierdie kommissie het daar heelwat misverstand bestaan, hoofsaaklik deur onbekendheid met bestaande dokumente. Volgens die opskrif van die rapport is die kommissie aangestel op 18 Feb. 1873, en hulle het gerapporteer op 30 Maart e.v. Op hierdie datum het nog die Uitv. Raad, nog die Volksraad gesit. Die naaste sitting van die U. R. is op die 19de Febr. en van die V. R. — buitengewone sitting — op 24 Febr. Waarskynlik is hulle dus nie offisieel deur een van die liggame aangestel nie. Ons het noukeurig deur die notule van beide liggame gegaan van 1870 tot 1874, maar niks gekry, wat lig op die saak werp nie. Die vorige jaar egter het die *President* opdrag gekry om 'n onderwyswet op

Dis in Engels gestel. Die rapport is 'n baie belangrike dokument en mens bewonder die deursig — al is 'n hele paar van die suggesties waarskynlik nie eerstehands nie — sowel as die versigtigheid van die opstellers. Hulle het 'n goeie kennis gehad van landstoestande, nasionale eienskappe en eienaardighede en, bewus of onbewus, 'n wye psigologiese kennis. Die inleiding van die verslag lê 'n basis neer wat destyds die enige was om tot sukses te lei.

Die grondidee is dat die nuwe stelsel 'n organiese ontwikkeling moet wees van die bestaande en veral nasionaal moet wees. Dit was in die gees van die vroeër ontwikkeling op onderwysgebied. Die v. d. L. reglement was bereken op bestaande kondiesies, die van '59 het dit uitgebrei en dit is voortgesit in die wet van '66. Die kommissie van '73 wou hierdie lyn van organiese ontwikkeling bestendig.

'n Twede belangrike punt wat hulle nie uit die oog verloor het nie, is die kristelik-godsdienstige gees van die bevolking. Die bestaande wet het hieromtrent nie veel gesê nie. Daar was alleen die bepaling dat onderwysers lid moes wees van 'n Protestantse Kerk [1]) en dat hulle ook onderwys moes gee in bybelse geskiedenis [2]) en die sing van psalms en gesange. Die gevoelens hieromtrent in die praktyk was sterker as wat uit die wet spreek en daarom het die kommissie hierdie punt grondig oorweeg.

Die onderwys was destyds ook vernaamlik Engels en daar moes 'n stelsel opgetrek word wat beide op bevredigende wyse sou insluit. Daarom het die kommissie getrag om 'n middeweg te hou.

Hulle het dus tot die gevolgtrekking gekom dat die geloofsoortuiging van die ouers in aanmerking geneem moet word en dat die onderwyser 'n man moet wees van diep religieuse lewensopvatting, wat sover as geloof aangaan ook nog aan die wense van die ouers voldoen. Dit mag miskien vryer, selfs liberaler lyk as die bestaande wet, maar die gees daarvan sowel as die letter, is strenger dan die interpretasie wat Burgers later aan die term „Lidmaat van 'n Protestantse Kerk" sal gee.

---

te trek, ons waag dus die suggestie dat die President volgens hierdie opdrag genoemde persone versoek het om hom daarmee behulpsaam te wees en 'n skema op te trek. Die rapport self laat niks deurskemer van wie die kommissie aangestel het nie. Dis geruime tyd as verlore beskou, maar 'n paar jaar gelede het skrywer dit in die bibliotheek van die Dept. v. O. te Pretoria ontdek. Dis vir die eerste keer gepubliseer in die Kwartaalblad vir Middelbare Skole; Vol. III, No. 11, van Sept., 1923.

[1]) Wet van 1866; reglement C; art. 1.

[2]) do. art. 2.

Na die inleiding bestaan die verslag uit drie dele: — (1) die nuwe skema, (2) sy finansiële bestaanbaarheid en (3) regulasies vir die toepassing daarvan. Die belangrikste is die skema self, waarvolgens daar weer 'n sentrale onderwysraad in die lewe geroep sou word, bestaande uit vyf lede. Hierdie raad sou met die hele sorg van die onderwys belas wees. Die hoogste beampte onder die raad sou die direkteur wees, 'n man van besondere talent en met buitengewone kwalifikasies, wat sou optree as prinsipaal van die hoërskool in Pretoria, maar tegelykertyd aan die hoof van alle onderwysers en leerlinge sou staan, inspeksiewerk doen, ens. Ook in Potchefstroom sou 'n hoërskool opgerig word; die prinsipaal hiervan sou as assistent-direkteur sy werkkring te Potchefstroom hê en ook met die inspeksies help. Direk onder hulle sou die 9 dorpskole met hulle 12 onderwysers staan. Die laaste se pligte sou hulle wyer uitstrek dan die skool, en iedere dorpsonderwyser moet sorg dat hy op die hoogte is van toestande in sy distrik, dat hy die werk van die distriksonderwysers noukeurig volg, hulle raad en hulp gee waar nodig, en aan die direkteur gereeld rapporteer wat aangaan en wat in die distrikte vereis word. Die vers-uitgespreide takke van die stelsel sou die distriksonderwysers wees. Hulle status moet verhoog en hulle salaris verdubbel word. Behalwe die gewone skoolwerk wat die laastes verwag om daar te stel die eind-distribusiepunte van die stroom van beskawing en kulturele ontwikkeling. Nuwe kennis, nuwe idees, nuwe wette, ens. moes hulle aan die plaasmense binne hulle bereik meedeel. Hulle was beskou as die vernaamste faktore wat kon saamwerk om die agterlikheid op onderwysgebied op die platteland enigsins te verbeter. Dit stel dus voor 'n skema wat 'n hele organiese eenheid beoog. 'n Band wat regstreeks sou loop van die sentrale raad tot by die vers-uitgespreide huisgesinne in die distrikte. Onder die voorgaande reglemente was daar net een wat gestreef het om die geheel min of meer in verband te stel; dit was die v. d. Hoff-reglement.

Verder was voorgestel om aan begaafde behoeftige kinders beurse te verskaf om hulle te bring, eers in die dorpskool en daarna in die hoërskool. Die som daarvoor gestel was £ 100 p. j., 'n bedrag wat destyds waarskynlik voldoende sou gewees het. Om die gereelde inspeksie nog 'n belangriker faktor te maak, moes salarisverhoging afhanklik wees van die aantal kinders wat normale vordering maak.

Vir die hoërskool in Pretoria moes vereers twee geboue opgetrek word. Een wat bestaan uit 'n saal met een of twee klaskamers, onderwyserswoning en losiesplek vir 12 seuns; 'n ander met 'n saal,

huis vir die onderwyseres en losiesplek vir 10 meisies. In Potchefstroom sou dieselfde vereis word. Volgens die voorgestelde skema sou die uitvoering van die plan finansieel moontlik wees en dit sou 'n hegte kern vorm vir verdere organiese ontwikkeling van die stelsel.

Die sale van die hoërskole in Potchefstroom en Pretoria moes akoesties korrek wees teneinde hulle ook vir publieke doeleindes geskik te maak, en die skoolgronde moes aantreklik uitgelê en beplant word. Skoolmusea moes waar moontlik aangelê en pryse uitgeloof word vir die beste versamelinge van plante, voëls, diere, minerale en industriële produkte.

Die rapport word afgesluit met 'n stel regulasies wat die hierbo vermelde idees beliggaam. Van die sentrale raad sou drie lede gekies word deur die donateurs — 70 persone wat elkeen £ 10 per jaar bydra — en twee deur de Goewerment. Hulle mog iemand aanstel binne of buite die Republiek om 'n geskikte direkteur of assistent-direkteur te benoem, maar alle ander onderwysers (-esse) word deur hulle self aangestel of ontslaan. Die gewone skoolgeld sou 2/6 per maand bly en vir die hoërskool sou dit wees £ 7-10 en £ 10 p. j. vir meisies en seuns respektieflik.

In sy geheel geneem was die rapport nie volledig nie. 'n Hele paar reglemente van die ou wet sou oorgeneem moet wees: hiervoor maak regulasie 24 gedeeltelik voorsiening. Aan die ander kant is volledigheid ook nie heeltemal die doel van die rapport nie. Dit wil net grondlyne aangee waarvolgens 'n nuwe onderwyswet opgetrek kan word. [1]) Van skoolkommissies word heeltemal geen melding gemaak nie; maar tog kan ons nie aanneem dat dit die doel was om hulle te laat verval nie; die onpraktiese van so'n prosedure in die distrikte is genoeg bewys daarvoor. As 'n swak punt moet aangemerk word dat drie van die lede op die raad aangestel sou word deur 70 donateurs, en daar was geen beperking gemaak waarvolgens ongewenste donateurs geweier kon word nie. Tog was die geheel in die lyn van die nasionale organiese ontwikkeling van die onderwys, en die aanneem van die verslag as basis vir 'n nuwe wet sou die ontwikkelingsloop bestendig het. Die skema is egter deur Burgers en die Uitv. R. verbygegaan. Dit het dan ook glad nie aangepas by Burgers se nuwe idees en vrysinnige lewensopvatting nie.

Toe die V. R. dus op 19 Mei '73 weer bymekaar kom, kon Burgers nog geen nuwe onderwyswet voorlê nie, maar hy het

---

[1]) Sien die slot van die verslag.

beloof dat hy miskien nog gedurende die sitting „'n maatreël sou voorlê ter voorsiening in die groot behoefte van onderwys vir die jeug. [1]) Daar het niks van gekom nie, maar ondertussen is daar poginge aangewend om gegewens bymekaar te kry vir 'n oorsig van onderwystoestande. Dit skyn of soiets tevore nooit gedoen was nie. Die staatsekretaris het opdrag gekry om sekere informasie in te win en met die doel is daar deur hom in Julie '73 die volgende stel vrae ter beantwoording uitgestuur aan die Landdroste: —

1. Is er een Hollandsche Gouvernements school op het dorp?
2. Hoeveel kinderen bezoeken die geregeld?
3. Is er een Engelsche Gouvernements school op het dorp, door hoeveel kinderen wordt die bezocht?
4. Zyn er nog andere private scholen op het dorp, door hoeveel kinderen worden die bezocht?
5. Wat is by gissing het aantal kinderen beneden 16 jaren op het dorp?
6. Hoeveel onderwyzers zyn er in het buitendistrict werkzaam?
7. Hoeveel van die onderwyzers zyn buitenlanders, hoeveel Afrikaners?
8. Hoeveel van die onderwyzers zyn in staat behoorlyk onderwys te geven?
9. Hoe groot zou naar gissing het aantal kinderen zyn in elke veldkornetschap van uw district?
10. Hoeveel personen zouden er naar gissing in uw district zyn die niet kunnen lezen en schryven?
11. . . . . [2])
12. Wat is het hoogste salaris dat een buitenonderwyzer ontvangt?
13. Hoe staat het met de schoolmeubelen, tafels, banken, kaarten, enz.?
14. Wie zyn de leden der schoolcommissie, stellen zy ook belang in het onderwys?

Bevredigende antwoorde op hierdie vrae sou 'n oorsig van die hele Republiek moontlik gemaak het. Die landdroste kon die gevraagde informasie maklik bemagtig. Dit skyn egter of daar toe al 'n sekere norsheid teenoor die regering bestaan het, want baie van die antwoorde was onbevredigend en onvolledig, terwyl daar hier en daar selfs 'n toon van opsetlike onbeleefdheid deurgeskemer

---

[1]) St. Crt. XVI, 475, van 27-5-73: Aanspraak van die Staatspresident, art. 5.

[2]) Ons kon die vraestel alleen rekonstrueer uit die ingekome antwoorde en by almal wat ons gesien het ontbreek No. 11.

het. Enkele van die antwoorde, b.v. die van die landdros van Utrecht was van groot waarde. [1]) In hierdie distrik was daar 432 kinders, dus sowat 270 van skoolgaande leeftyd. Hiervan was 35 in die dorpskool, sê 15 in die offisiële distrikskool en van die orige 220 'n gedeelte in die skole van die 5 private onderwysers in die antwoorde genoem. Mens kan aanneem dat die gemiddelde aantal kinders by elkeen van die 5 onderwysers nie bo 12 sal gewees het nie. Dit sou dus 160 uit die 270 kinders sonder skool laat, terwyl daar 220 uit die 270 is wat nie onder die Goewermentstelsel val nie, m.a.w. slegs 20 pst. van die kinders van skoolgaande leeftyd was hier deur die wet bereik. Ons kan hierdie toestande veilig as verteenwoordigend vir die Republiek aanneem, die syfer is waarskynlik nog veels te hoog.

## DIE ONDERWYSWET VAN 1874.

Burgers se konsep-onderwyswet was in die St. Crt. van 4 Febr. '74 gepubliseer. Teneinde die misverstand wat selfs nog vandag daaromtrent bestaan [2]) uit die weg te ruim, sal ons die bespreking vereers beperk tot die konsep wat voor die publiek gelê is, want hierdie konsep is van meer belang en van groter invloed op die ontwikkeling van gebeurtenisse op onderwys-, sowel as op politieke gebied, gewees, as die meeste ander wetgewinge wat gedurende die Burgers-regime gepasseer is. Ons bespreek 'n paar belangrike artiekels:

Art. 26 van die konsep: „Geen godsdienst onderwys wordt gedurende de schooluren gegeven: echter zullen de schoollocalen buiten de schooluren met goedvinden der schoolcommissieën, daartoe beschikbaar zyn voor Godsdienstleeraars of onderwyzers.''

Art. 41 wat die kwalifikasies van onderwysers vasstel vra nie lidmaatskap van 'n kerk nie, ook eis art. 74 dit nie vir die Supt. nie.

Art. 51 van die konsep: „De onderwyzers of -essen zullen zich onthouden van iets te doen of te laten dat strydig is met de eerbied verschuldigd aan de godsdienstige begrippen van andersdenkenden, van het geven van onderwys in de Godsdienst gedurende schooluren,

[1]) Die brief van die Staatsekretaris was gedateer 25-7-73 en die antwoord van die wnde Landdros 8-10-73. Hulle is in Argief by die stukke van 1873.

[2]) Sien in verband hiermee: The Encyclopaedia and Dictionary of Education onder die hoof Transvaal. The Cyclopaedia of Education by Paul Monroe ibid. Educational progress of South Africa, by J. R. Cuthbert; ibid. F. Lion Cachet: De Worstelstryd. . . . ; twede druk; bls. 455. Dr. N. Mansvelt; aangeh. w; bls. 117. Volksraadsnotule onder datums: 11-5-76; 12-5-76; en 11-9-76.

en er zich zelfs buiten de schooluren niet mede in laten, tenzy op uitdrukkelyk verzoek van de ouders of voogden der kinderen".

Veral op hierdie artiekels het die kritiek van die publiek hom gekonsentreer en in besonder op art. 26 hierbo, wat godsdienstonderwys in die skool, die basis en vroeër doel van die skoolwese, verbied. Dus 'n regstreekse miskenning van die kristelik-nasionale volkseie, wat diep in die gemoed van die meeste boere ingewortel was. En hierdie artiekel in die *Konsep* is dit wat Burgers se ondergang beseël het. Ons sal nie op die kwessie ingaan wat Burgers bedoel het met „godsdienstige onderwys" nie. Die publiek het dit geïnterpreteer as 'n verbod om in die skool „die Bybel te lees en bybelse geskiedenis te onderwys", en hierdie interpretasie het die teëwerking 'n groot stoot vorentoe gegee. Die prinsiep was in vorige wette, direk of indirek, vasgelê, en dis teen hierdie verandering (vermeend) wat die stryd gegaan het. Later is verskillende betekenisse aan die term geheg sodat dit na die passering van die wet beteken het dogmatiese onderwys. Dit was egter Burgers se bedoeling dat die bybel nie in die skool sou kom nie (sien art. 51 bo).

Hierdie voorgestelde artiekels het die publiek 'n insig gegee in, 'n konklusie laat trek omtrent, Burgers se godsdienstige gevoelens, en van toe af was dit die man wat geoordeel word en nie die wet of die wet volgens die man nie. Die gewraakte artiekels hierbo aangehaal het egter nie wet geword nie. Burgers het met ingenomenheid in sy aanspraak van '74 aangekondig die konsep, waarin hy die weloorwoë advies van die kommissie van '73 ignoreer, en die diepste gevoelens van die nasie misken. Die V. R. het na 'n lang diskussie, waarin duidelik uitgekom het wat die objeksie was, 'n kommissie van vier lede aangestel „teneinde over de wet thans aan de orde rapport en aanbeveling in te dienen." [1]) Die kommissie het wysigings, in die gees van die diskussies, aangebring en dit opnuut voor die Raad gelê, en gerapporteer dat dit 'n uitstekende stuk werk was en verklaar dat dit vir die jeug van onberekenbare nut sou wees, waarom hulle dit „met of zonder de gemaakte wyzigingen" ter aanneming aan die Raad aanbeveel. [2]) Die veranderings was belangrik, want dit het met 'n paar sinnetjies die hele strekking van die wet, sover as die godsdienstige kant daarmee gemoei is, omgedraai. Art. 26 van die konsep is tot die volgende verander:— die oorspronklike lesing plus „zullende verder in iedere school in den bybel worden gelezen

[1]) St. Crt. XVII, 546, van 7-10-74.
[2]) V. R. notule; Sept. '74, art. 155.

en in de bybelgeschiedenis onderwezen worden." Hierdie byvoeging het die wet ineens in lyn gestel met die van '66. Die term „godsdiensonderwys" is nou beperk tot die betekenis van dogmatiese onderwys, en dit was in '74 nie die publieke gevoel dat leerstellige onderwys op die skool gegee moes word nie. Die artiekel was dus toe letterlik soos deur die groot meerderheid van die plattelandsbevolking begeer. [1]) By die vereiste kwalifikasies vir onderwysers en Superintendent, in artt. 41 en 74 van die konsep respektieflik, is bygevoeg die bepaling dat hy lidmaat van 'n Protestantse kerk moet wees. Dus dieselfde kondiesies as wat in die ou wet neergelê was vir die onderwysers en die lede van die Algem. Kom. Artiekel 51 van die konsep is nie gewysig nie, want die beperkings in die ander artiekels ingevoeg het die betekenis reeds voldoende verander. Die artiekels re pensioene vir onderwysers is geskrap. Verder wysigings van minder ingrypende aard is nog aangebring [2]) en op 23 Okt. '74 is die gewysigde wet aangeneem as No. 4 van '74. Die indeling is onder die volgende hoofde: —

1. Algemene bepalings.
2. Besondere bepalings vir die skole.
3. Oor die onderwysers (-esse).
4. Oor die skoolkommissies.
5. Oor die Superintendant-Generaal van Opvoeding.
6. Oor die eksamens.
7. Byvoegsel.

Die wet vorm 'n beter geheel en is volgens meer konwensionele lyne dan sy voorganger. Die wet van Holland het daarlangs gelê, toe dit opgetrek was. Daar kon, deur verskillende landsomstandighede, baie min uit oorgeneem word. Dit het nog gegaan om die verskillende vakke van onderwys letterlik oor te skryf [3]), want in die praktyk moes tog maar volgens omstandighede tewerk gegaan word, of daar nou al 10 of 20 vakke genoem was. By die verdere behandeling moes, nolens volens, meer Transvaalse lyne gevolg word. Die stuk omtrent pensioene wat oorgeneem was, het die V. R. kommissie daar reeds uitgehaal.

---

[1]) Sien memories in V. R. voorgelees op 11 Mei 1876 en die toespraak van Paul Kruger in verband hiermee.

[2]) B.v. in art. 3, waar as een van die vakke van onderwys aangegee word „beginselen der vormleer" is bygevoeg die woorde „indien mogelyk", en in art. 4, agter „gymnastiek" die woorde „indien door de ouders of voogden verlangd", en dgl.

[3]) Sien artt. 4, 5 en 6 van die wet en vgl. met artt. van die Nederlandse onderwyswet van 13-8-57.

Aan die hoof van die onderwysadministrasie sou staan 'n Superintendent-Generaal van Opvoeding met goeie kwalifikasies en tewens lidmaat van 'n Protestantse kerk. Hy word aangestel deur die Regering. Onder sy toesig moet 'n kommissie, bestaande uit 6 lede, gekies deur die inwoners van Pretoria en twee deur die U. R. aangestel, die Gimnasium beheer — dus ook vir die aanstelling van die onderwysers daaraan sorg. Die kommissie was verantwoordelik vir 'n skoolgebou, moes 'n skoolgeld hef van 20/- en 30/- per maand vir leerlinge onder en bo die 14 jaar resp., en om die koste te dek sou hulle 'n toelae van £ 500 p. j. van die Regering ontvang. Uit die inkomste moes hulle die salarisse, ameublement, ens. bekostig. [1]) Die salaris van die hoofonderwyser was by wet gestel op £ 400 en vir die hulponderwyser op £ 250 p. j. Beide moes lidmate wees van 'n Protestantse kerk. Daar langs het gestaan, onder die Supt., die kommissies van die distrikskole. Hierdie was saamgestel uit: die landdros — ex officio voorsitter — en ses lede deur die burgers van die dorp gekies. Die kommissies kies die onderwysers en laasgen. word dan deur die Supt. Genl. „ter approbatie en ter verkryging der aanstelling" aan die Goewerment aanbeveel. Die kommissies moet 'n skoolgeld hef en invorder van 6/- en 10/- per maand vir kinders onder en bo 7 j. resp., en ontvang wanneer 40 kinders die skool besoek 'n toelae van £ 300 p. j. en wanneer die getal 100 word „eene vermeerdering van £ 100 per jaar voor *hulponderwys.*" [2]) (Ons onderstreep). Die penningmeester van die kommissie moet sorg vir die invorder van die skoolgelde en die uitbetaal van die onderwyserssalarisse. 'n Hoofonderwyser sal £ 200 en 'n hulponderwyser £ 125 p. j. ontvang. Die Supt. beslis of die laaste aangestel moet word of nie.

Hiernaas staan ook die kommissies van Wykskole, bestaande uit die veldkornet — ex officio voorsitter — en ses lede deur die burgers van die wyk gekies. Die pligte is dieselfde as van die distrikkommissie. Die skoolgeld is 4/6 en 8/- p.m. resp. vir kinders van onder en bo 7 j. Die toelae is £ 25 vir 'n gereelde skoolbesoek van 12,

---

[1]) In werklikheid is die salarisse aan hierdie inrigting voorlopig deur die Regering betaal, want by die aankoms van die onderwysers was daar nog geen voorsiening gemaak nie, en hulle was op kontrak uitgekom. Sien korrespondensie hieromtrent tussen van Gorkom en Lyle; Argief. Ook die kommentaar daarop in die V. R. notule van '76.

[2]) Hierdie punt laat duidelik sien dat die Regering hom oorspronklik nie verder met die salarisse sou bemoei het nie; d.i. die skoolkommissies was daar self aanspreeklik voor.

£ 50 vir 25, en vir iedere 10 kinders daarbo £ 20. Die mienimum salaris vir hoof- was £ 100 en vir hulponderwyser £ 30 p. j.

Die kommissies moes 'n streng oog hou op alles in verband met die skool, dit gereeld besoek en driemaandeliks 'n verslag instuur aan die Supt.

In al die skole moes in die bybel gelees en die bybelse geskiedenis onderwys word, maar geen dogmatiese onderwys mog gegee word nie, behalwe na skool en dan op versoek van die ouers.

Die Supt. was verantwoordelik vir die inspeksie van die werk en moes tenminste eenmaal per jaar 'n besoek bring aan „alle hooge scholen en distrikts scholen en zooveel mogelyk aan de wykscholen."

Die kommissie was verantwoordelik vir die jaarlikse eksamens in oorleg met die onderwysers, en moes soveel moontlik hulle sedelike steun gebruik ter bevordering van die onderwys. „Daartoe doet zy kollecten voor pryzen, leer- en speelbehoeften voor de leerlingen." [1])

Die skoolgebou was die besit van die kommissie en bestaande geboue wat Goewermentseiendom was sou op die naam van die kommissie getransporteer word, wat dit, waar hulle dit nodig ag, mog verkoop om vir die opbrings nuwe geboue op te rig. Dit was alles in ooreenstemming met die aanhef van die wet, wat sê dat die onderwys van staatsweë geldelike steun ontvang, maar dat dit „zoo veel mogelyk vry zal zyn, behoudens het toezigt der Regeering en behoudens het onderzoek naar de bekwaamheid en zedelykheid der onderwyzers en onderwyzeressen."

Vir die eerste keer word hier in die onderwyswetgewing melding gemaak van die goudvelde. Vir skole aldaar en by die mynwerke mag ander regulasies gevolg word wat in ooreenstemming is met die gees van die wet. Dit was aan die ouers gelaat of hulle die kinders deur medium van Engels of Hollands wou laat onderwys. Die offisiële taal was Hollands, maar die onderwyser mog hom by afwisseling „ook van het Engelsch bedienen". Waar daar 'n Hollandse en 'n Engelse onderwyser was, moes ieder sy eie medium gebruik.

Die wet gee ook in volle besonderhede die vereistes vir die verskillende onderwyserseksamens, wat volgens art. 8 ingestel is.

Hier het ons dus vir die eerste keer in die geskiedenis van die Republiek 'n wet wat breek met die staatsonderwys van al die voor-

---

[1]) Hierdie punt wys op dieselfde as die voorgaande, want anders sou die kollekteer onnodig gewees het.

gaande wette; wat as basis aanneem dat die onderwys vry moet wees, behoudens die genoemde sake. Om dit moontlik te maak dat die onderwyser 'n behoorlike salaris sal trek, word 'n toelae gegee aan die verskillende skole wat onder die wet val. Dieselfde idee kom uit in die feit dat die skoolkommissies nie soos vroeër, nie sonder konsultasie met die publiek of ouers verkies of aangestel, [1] maar wel deeglik deur die burgers uit die wyk of dorp, ergo — veral in die tyd — deur die ouers, gekies word. Die Hollandse wet is nie vir baie daarin verantwoordelik nie. Die bewering dat die wet 'n Hollandse karakter het [2]) skyn ons nie suiwer nie, want die karakter van die wet is oorwegend Transvaals. Die verskil tussen hierdie wet en die voorgaande is hoofsaaklik dat die beginsel nou staatsondersteunde skole word i. p. v. die staatskole van die vorige wette en reglemente. Wat die wet self betref was daar een punt wat groot moeite sou gegee het as hy ooit uitgevoer was, en dit is dat teveel oorgelaat word aan private inisiatief, en ook die onbevredigende verdeling van die voorgestelde Goewermentstoelae. Die skoolkommissies, deur die burgers gekies, was verantwoordelik vir die skoolgeboue, skoolmeubels, leermiddels, ens. maar bo alles ook vir die uitbetaal van die salarisse van onderwysers. [3]) Dit was veral hard op die wykskole. Neem aan dat 'n wykskool die mienimum aantal kinders het i, e, 12. Stel 4 is onder 7 j. en 8 daarbo; dan is die skoolgeld wat per jaar volgens wet moet inkom £ 49.-.4. Hierby kom dan 'n toelae van £ 25, makende in totaal van £ 74.-.4 en latende op die kommissie die verpligting om self nog £ 25.-.16 te vind om die onderwyser te betaal, want sy mienimum salaris is volgens wet £ 100. Hierdie moeilikheid sou dan opgelos moet word deur die skoolgeld na verhouding te stel; hier sou dit dus die helfte meer moet wees. Is die aantal kinders 25 dan val die moeilikheid weg, want dan word die toelae £ 50 en die skoolgeld £ 100, dus 'n totaal van £ 150 en dis meer dan genoeg om die £ 100 salaris vir die onderwyser te betaal. In die distrikskool was die voorsiening oor die algemeen beter. By 'n mienimum van 40 kinders is daar 'n toelae van £ 300. Die skoolgeld sal hier sowat £204 beloop, dus 'n totale inkomste £ 504. Die hoofonderwyser kry volgens wet £ 200 en die hulponderwyser £ 125 — aangeneem dat daar een is in 'n skool van 40 kinders, want die vorige wet het die onderwyser pas verplig om 'n hulp-

---

[1]) Sien die wet van '59 en die van '66 re aanstelling van die kommissie.
[2]) Rapport van Lyle; art. 29. Hoogenhout: Gedenkboek; bls. 54.
[3]) Volgens art. 61 van wet 4 van 1874.

onderwyser te huur as die aantal kinders bo die 75 was — dan sou daar dus nog 'n balans bly van £ 179, wat vir ander doeleindes gebruik kon word. Styg die aantal tot 100, dan word die verhouding nog gunstiger, want die toelae word nou £ 400, die skoolgeld £ 525, dus tesame £ 925. Gee hiervan £ 200 vir die hoof en £ 375 vir drie hulponderwysers, dan bly daar nog 'n balans van £ 350 p. j. vir meubels, rente op kapitaal, ens. In hierdie gevalle is daar dus meer dan genoeg geld. Toets ons die skema vir die hoërskool dan kry ons: toelae £ 500, skoolgeld van 25 leerlinge teen gemiddeld 25/- p. m.; £ 375. Die geld wat per jaar beskikbaar sou wees is dus £ 875. Hier gaan dan af: salaris hoof £ 400, salaris assistent £ 250, latende 'n balans van £ 250.

Hierdie ontleding lê 'n ander leemte aan die dag en dis dat die wet distrik- en hoërskole aanmoedig, maar deur die onderwyser van 'n wykskool se salaris op £ 100 te stel, die stig van wykskole met minder dan 18 — dis die mienimum aantal vir werk sonder verlies — leerlinge ontmoedig. Die salaris vir 'n hulponderwyser in 'n wykskool was baie laag gestel, maar dit help nie, want as dit eers nodig is om 'n hulponderwyser aan te stel, d.i. as die aantal kinders sê 35 is, dan is daar oorvloed van geld, want die toelae is dan £ 70 en die skoolgeld £ 125, dus genoeg om twee onderwysers te betaal. 'n Aanmoediging dus van sentralisasie wat te vroeg in die onderwysstelsel val. Hierby kom nog dat die verhouding nog gunstiger word vir die distrikskole omdat hulle hier ook kwekelinge mag gebruik, vir wie geen salaris by wet vasgestel is nie, terwyl 'n wykskool nie met 'n kwekeling as hoof mag begin as hy 'n toelae wil ontvang nie. Die gevolg sou dus wees dat klein skooltjies met minder dan 18 kinders — hiervan was daar heel party — dit onder die nuwe stelsel moeiliker sou hê dan ander skole.

Ons was verplig om noukeurig op die finansiële moontlikhede van die wet soos deur ons uiteengesit, in te gaan omdat Dr. Vacy Lyle in sy rapport van 1878 probeer om dit tot 'n finansiële onmoontlikheid te redeneer. Soos ons hierbo gedurig aangestip het, moes die kommissie die onderwyser betaal. [1]) Nou tref ons by Dr. Lyle die vaste bewering aan dat dit nie die geval was nie; dat die regering die onderwysers gewoon hulle salarisse uitbetaal het en tewens nog die subsiedie ook. Volgens Lyle het die distrikskool se hoof £ 200 van die Regering ontvang, al was

---

[1]) Sien o.a. artt. 7, 12, 18, 58 en 61 van die wet; ook die inleiding en die gehele strekking daarvan.

daar maar 4 of 5 kinders op skool, en het die aantal kinders eers die 40 bereik, dan het die kommissie nog 'n ekstra toelae ontvang van £ 300; daarby ontvang hulle dan nog 'n goeie £ 200 skoolgeld, wat hulle dan 'n som van £ 500 gee om die huur van die gebou en die 40ste skoolbank te betaal. Daarby kry die kommissie, as die aantal kinders 100 bereik, nog £ 100 vir *hulponderwys* [1]), maar volgens Lyle word hierdie hulponderwys ook deur die Regering bekostig. Hoe daarmee?? Dus sou die kommissie hier saam met die skoolgeld £ 925 per jaar oorhou en desnieteenstaande kry die kommissies in die wet instruksies om „geld te kollecteren voor pryzen, leer- en speelbehoeften voor de leerlingen". Hoe rym dit? Die bedoeling wat Lyle daaruit lees kan die wet dus nie gehad het nie, maar wat die praktyk betref — en dis al waarmee Lyle te doen gehad het — was hy tog reg, en uiteindelik is die geld so roekeloos uitbetaal [2]), maar in die wet staan dit nie en dit was oorspronklik ook nie so bedoel nie.

Daar was later waarskynlik ander redes wat 'n dergelike interpretasie noodsaaklik gemaak het. Op hierdie toepassing is Lyle se hele argument gebaseer. Hy toon aan dat as daar in elke dorp 'n skool sou wees en in elke wyk ook een en hierdie sisteem sou toegepas word, dat daar dan maar net 1,000 kinders per jaar onderwys sou ontvang teen 'n onkoste van £ 15, 525 en dit in 'n Staat met 'n jaarlikse inkome van £ 50,000, waar daar goed 7,000 kinders van skoolgaande leeftyd — volgens Lyle — was.

Die wet was in Okt. '74 gereed om in werking te tree. Ondertussen was die van '66 nog in werking, maar deur die afwagtende houding wat die U. R. aangeneem het is daar aan onderwysorganisasie niks gedoen nie. Die salarisse is net uitbetaal en die rapporte in ontvangs geneem.

Die proviso dat iemand om aangestel te word aan sekere vereistes moes voldoen het destyds nog die enige deel van die ou wet gewees, wat nog 'n weinig goed gedoen het deur 'n mienimum standaard van bekwaamheid by die personeel te waarborg; maar die aantal onderw. wat onder die wet geval het, was so klein en die aantal kinders deur hulle onderwys so onbeduidend, dat die invloed maar tot 'n uiters beperkte kring deurgedring het. By die begin van Burgers se bestuur was daar 9 distrikskole en 10 distriks-

---

[1]) Art. 7 van die Burgerswet.

[2]) Sien die begroting vir die finansiële jaar 1-2-76 — 31-1-77, in St. Crt. XIX, 639, van 28-6-76.

onderwysers. [1]) Die uitgawe in verband hiermee was £ 1975 p. j. Die aantal kinders in hierdie skole was waarskynlik nie meer as 225 nie [2]), dus omstreeks £ 9 per leerling. Die staatsonderwys was daar nie op vooruitgegaan nie.

## ENGELS OP DIE VOORGROND.

Soos aangetoon lê die skoolwet van '66 groot nadruk op die noodsaaklikheid om Engels te leer. Goed is hieraan gevolg gegee. In '73 het die Hollandse onderwyser in Potchefstroom — dus die hoof — gereeld onderwys gegee aan 13 kinders, terwyl die Engelse onderwyser 47 gehad het. [3]) In Utrecht was Engels ook beskou as 'n sine qua non vir 'n beskaafde opvoeding en onder sterk steun van Ds. Neethling is daar baie pogings in die werk gestel om in die behoefte te voorsien. [4]) Toe dit hom nie geluk is om die Regering oor te haal om die Hollander, Dirks, deur 'n Afrikaner te laat vervang nie, het hy self die hand aan die ploeg geslaan en iedere dag in die skool 'n paar uur onderwys in Engels gegee.

Die haat teen die Hollanders was ook één van die redes, wat die mense na die Engelse skole en meesters gedryf het. [5]) Die Kaapse predikante het hierin sterk saamgewerk. [6]) Die teorie dat op die skool veral tog maar Engels geleer moes word, want dat Hollands wel vanself sou kom, het destyds baie algemeen gewees. [7]) So het die onderwys deur medium van Hollands dus gaandeweg afgeneem terwyl die Engelse klasse en die Engels-medium skole in grootte en invloed toegeneem het.

## DIE NUWE SUPERINTENDENT VAN ONDERWYS.

Voordat die Burgerswet in werking kon tree moes daar eers 'n geskikte Superintendent gevind word. Burgers het die pos aangebied

[1]) Begroting vir periode 1-8-72 — 31-1-73, in St. Crt. XV, 451, van 10-12-72.

[2]) In '76 het van Gorkom in 13 skole tesame 151 kinders aangetref, en ons skatting is op genoemde getalle gebaseer.

[3]) Antwoord van Landdros van Potch.: Argief T 1/2117, band 1873.

[4]) Brief, dd. Utrecht, 10-9-73; Argief.

[5]) Brief van Ds. H. L. Neethling, sekr. van die skoolkommissie; dd. Utrecht 28-8-75; Argief.

[6]) Neem b.v. Ds. Jooste, om nie eers te praat van die verskillende kommissies in vroeër jare deur die Kaapse Sinode uitgestuur na die Tv. nie.

[7]) Sien o.a. die rapport van Lyle; art. 41. Ook die van Sargent in 1904.

aan sy vrysinnige vriend, Ds. Kotze van Darling, die het bedank [1]; toe aan 'n twede geesverwant, Ds. Kuys, van George, ook sonder die gewenste resultaat. Hy moet ook getrag het om Ds. van Warmelo te beweeg om dit op hom te neem, maar dit skyn dat almal met die ontwikkeling van die publieke opienie omtrent Burgers taamlik goed op die hoogte was, en dit nie wou waag om hulle lot met die syne te verbind nie. Omdat die President op vertrek na Europa gestaan het, het hy toestemming gekry om vandaar amptenare vir die uitvoering van sy onderwyswet saam te bring. Ondertussen het die teenstand wat al vroeg begin het [2]) sterk toegeneem, so selfs dat sy verontagsaming van die nasionale eie sommige tot trek gedryf het, [3]) en by ander die politieke teenstand versterk het. [4]) Gedurende sy afwesigheid is baie van sy veranderinge omgekrap en proteste het al begin instroom. [5])

In Holland het hy die verlangde amptenare gekry; manne wat sy eie moderne opvattings toegedaan was; W. J. van Gorkom vir Superintendent [6]) en Dr. E. J. P. Jorissen — 'n afgesette vrysinnige predikant — as hoof van die Gimnasium. Ook Roorda Smit, die hulponderwyser, was van dieselfde rigting. Die Transvaalse verteenwoordiger in die Kaap het Dr. Jorissen die raad gegee om — siende wat sy geestesrigting was — hom aan die onderwys te onttrek. [7]) Hieraan het hy gevolg gegee.

By die aankoms van die nuwe amptenare was daar nog niks vir hulle te doen nie en vir 'n rukkie het die Regering alleen maar hulle salarisse uitbetaal. 'n Paar van hulle het hul moderne idees nie verberg nie, en dit was water op die meul van die opposiesie. Dit was nou duidelik, het hulle beweer dat Burgers tog sy plan gaan deurdryf en die hele Transvaal modern maak. Met 'n moderne Supt. en amptenare wou hy die kinders ook in die rigting oplei. Van die grofste leuens is deur politieke teenstanders gebruik om hom afbreuk te doen. Sommige van die „raddraaiers" het hulle nie ontsien om die mense op te stook en lang petiesies te laat teken teen griewe, wat nie bestaan het nie. Moedswillig is deur Landdroste en Veldkornette

---

1) J. F. van Oordt: aangeh. w; bls. 157.

2) Kerkraadsnotule van Rustenburg, onder 23 Aug. 1871.

3) De Volksstem; 12-9-73. Van Oordt: aangeh. w; bls. 154. Cape Quarterly Review Vol. I „Journal of the Trekboers, compiled by W. W. Jordan." Moodie: II; bls. 270.

4) J. F. van Oordt: aangeh. w; bls. 154.

5) V. R. notule van 28-5-75, art. 164.

6) The Transvaal Book Almanac....: 1877; bls. 40.

7) E. J. P. Jorrissen: Transvaalsche Herinneringen; bls. 14.

hulle plig versuim en die publiek is nooit in kennis gestel met feite nie, ja! dinge wat absoluut onwaar was, is met medewete en onder die oë van verantwoordelike persone versprei en deur hulle aangemoedig.[1]) Daarby was daar reeds geruime tyd 'n kampanjie aan die gang wat as groot wapen uitlanderhaat gebruik het. [2])

## DIE WET VAN 1874 NOOIT VOLLEDIG IN WERKING NIE.

Dit was onder hierdie negatiewe omstandighede dat van Gorkom sy werk moes begin. 'n Stryd wat al verlore was voor hy offisieel in funksie getree het. Op 17 Febr. '76 skryf Swart, die Staatsekretaris, aan van Gorkom dat hy die vorige dag in die St. Crt. laat publiseer het dat hy — van Gorkom — in funksie getree is en dat wet 4, 1874, tans in werking is en dat die landdroste tewens opdrag gekry het om die skoolkommissies volgens wet te konstitueer. [3]) Dis op baie plekke met min geesdrif onderneem. Pas die 1ste Mei e.v. is die eerste distrikskool onder die wet met groot plegtigheid deur van Gorkom geopen. Sy aanspraak by hierdie geleentheid laat sien dat hy 'n volslae mislukking moes wees. Temidde van soveel opposiesie het hy die slegte oordeel gehad om vrysinnige denkbeelde te gaan verkondig.[4]) By dieselfde geleentheid sê hy omtrent wet 4, '74 dat dit volledige staatsonderwys beoog. In hierdie laaste bewering is hy verkeerd. Ons het reeds aangetoon dat hierdie wet verder van staatsonderwys af was as enigeen van die voorgaande. Hier lê miskien ook nog 'n deel van die oorsaak van Lyle se vergissing.

Ons stel voor om die teenstrydighede as volg te verklaar: — volgens wet was die skoolkommissies vir die salarisse van onderwysers verantwoordelik. [5]) Dit het 'n groot verantwoordelikheid op sekere kommissies gelê, veral op wykskole met minder dan 18 kinders, soos aangetoon. Onder die wet van '66 was daar niks van die aard nie en salarisse van onderwysers is deur die Regering betaal, terwyl die onderwysers self die skoolgelde ontvang, en dit volgens wet gehou het.

Hierdie reëling was vir die kommissies baie geriefliker. Hy is

---

[1]) Sien die toesprake in die V. R. op 11 Mei 1876 o.a. van die here Nel en Roetz en die reaksie daarop van S. J. P. Kruger.

[2]) De Volksstem: 19 Des. 1874.

[3]) Die brief is in die Argief: T. 2/2117, band '76.

[4]) Jeppe: Transvaal Book Almanac.... for '77, bls. 40.

[5]) Wet 4 van 1874; art. 61.

offisieel tot 15 Febr. '76 in werking gebly en toe is offisieel die nuwe in werking getree. In werklikheid egter was hierdie wet nooit alleen in volle werking nie. Op 27 Okt. van die volgende jaar skryf van Gorkom omtrent hierdie punt aan Lyle:

„As you know, Law 4 — 1874 came nominally into force the 15th Febr. 1876: but it is hard to say when it actually went into force, I got my salary since 1st August 1875, and the first district school was opened 1st May 1876. In my opinion the period during which the said law was and is partly in force, may rather be considered as a period of transition.. All the circumstances under which the present educational law came into force ..really or nominally.. were indeed as unfavourable as possible".

Die wet waaronder die kommissies die onderwysers moes betaal was dus nooit volledig in werking nie, en die waaronder die Regering daarvoor verantwoordelik was, ook nooit — wat toepassing betref — geheel buite werking nie. Deur die heftige opposiesie was dit duidelik dat in baie gevalle die kommissies geen verpligtings, hoe min ook, op hulle sou neem ter bevordering van 'n wet, wat volgens hulle die kinders aan die tydgees van die modernisme sou oorhandig. Wat is dus natuurliker dan dat die Goewerment sou trag om dit tog nog 'n weinig lewensvatbaarheid te gee en om die onderwys nie heeltemal tot stilstand te laat kom nie, besluit het om beide subsiedie en salaris uit te betaal in hierdie oorgangstydperk — in alle geval om dit oogluikend toe te laat. Dit kan selfs gebeur het sonder dat daar 'n genotuleerde besluit geneem is, siende dat party vandag die wet nog anders lees. Burgers was by die in werking tree nog in Europa, sodat dit miskien ook wel iets met die interpretasie te doen gehad het.

Ons het aangetoon dat dit onmoontlik in die nuwe wet gelê kon wees dat altwee,toelae en salarisse, van die regering moes kom, tensy ons aanneem dat diegene wat dit opgetrek het nie heeltemal normaal gedink of gesyfer het nie. Natuurlik dus dat hierdie punt, abnormaal soos dit is, sterk op die voorgrond gedruk is deur die nuwe Supt., wat min of meer die posiesie ingeneem het van 'n drenkeling wat hom aan 'n strooihalm vasgryp. Op die begroting van 1-2-76 tot 41-1-77 staan die poste toelae en salarisse afsonderlik uitgetrek. Deur die Republiek is daar waarskynlik min van uitbetaal want die geld was teen die tyd al heeltemal gedaan. Wel het die Engelse bestuur dit later gedoen, maar die oorbodige subsiedie is al gou agter gehou.

Toe van Gorkom die bestuur van die Dept. v. O. op hom geneem

het was daar onder die wet van '66 nog 8 distrik- en 5 plaasskole oor, in teenstelling met die 9 distrik- en 10 plaasskole van '73. Die agteruitgang het dus snel bly deurgaan in die afwesigheid van gereelde bestuur. Die 8 skole was as volg verdeel: — 4 Engels-medium skole met 'n gemiddelde skoolbesoek van 71 kinders; drie Hollands-medium met 'n gemiddelde skoolbesoek van 50 kinders en 'n tweetalige skool met 30 leerlinge. Same dus 151 leerlinge. [1])

Die onderwys het dus op 'n baie lae peil gestaan. In die Kaap was daar destyds 20,000 blanke kinders op skool, [2]) in die Vrystaat 1000 en in Natal 2,500. [3]) In die Kaap was in die Matriekklasse en daarbo 235 studente, [4]) terwyl daar binnekort in Pretoria 'n Gimnasium geopen sou word met drie jong seuntjies wat min of meer in St. III tuisbehoort het.

## DIE BEGIN VAN AKTIEWE TEENSTAND.

In April '76 het Burgers teruggekeer. Sy persoonlikheid, en optimisme, kon die misnoeë nie meer bedwing nie. [5]) Die gevoelens in die distrikte is deur middel van memories ter kennis van die Raad gebring. Die kritiek was grootliks gerig teen die moderne gees wat Burgers aangekweek het, en alles het gegaan teen die onderwyswet — beoordeel nie volgens sy meriete nie, maar volgens Burgers se vrysinnige oortuigings — en teen die amptenare wat hy uitgesoek het om dit uit te voer.

Die memories van Mei '76 was die beste bewys van, beide die lae wapens wat deur verantwoordelike persone gebruik is om Burgers teen enige prys uit die Regering te kry, sowel as van die onmoontlikheid dat 'n man van Burgers se geestesrigting, wat so min gemeen het in innerlike oortuiging met die nasie wat hy moes lei, ooit die vertroue van die volk kon win. [6])

Onder die memories voor die Raad gelê was daar Nos. 36, 38, 49, 50, 87, 88, 109, 110 en 111 (die laaste geteken deur Ds. J. P. Jooste en 365 burgers) versoekende „de bepalingen aangaande godsdienstig onderwys op de scholen in de schoolwet in dien voegen te veranderen, dat: op elke door de staat ondersteunde school gedurende

---

[1]) Rapport van Lyle: art. 12.
[2]) Cape General Directory for 1878.
[3]) Rapport van Lyle: artt. 18, 20.
[4]) Cape M. M: Vol. 13; bls. 259.
[5]) J. F. van Oordt; aangeh. w; bls. 158.
[6]) Uit Zuid-Afrika: bls. 4.

de schooluren in den Bybel gelezen en onderwys in de bybelsche geschiedenis gegeven zal worden, en dat verder geheel en al in de handen der schoolcommissie (als vertegenwoordigers der ouders die kinderen ter school zenden), zal gelaten worden of er op de onderscheidene scholen godsdienstig onderwys zal gegeven worden of niet."

Ds. J. P. Jooste — toe reeds sterk pro-Engels gesind — het persoonlik onder die mense rondgegaan en die mense vertel dat op die skole — volgens die wet — nie in die Bybel mog gelees en geen onderwys in die bybelse geskiedenis mog gegee word nie. Die wet het sodoende nooit 'n eerlike kans gekry nie.

Ook ander memories was daar vraende o.a. om die aanstelling van van Gorkom nie te bekragtig nie, om vrysinnige onderwysers nie toe te laat nie en een uit Rustenburg versoekende „dat de Volksraad niet zal toelaten dat de kinderen van uw volk en geslacht prys zullen worden gegeven aan de zieldodende beginselen van de vryheidsgeest". Uit alle distrikte het die proteste gestroom. Die teenstand het hom nou oor die hele Republiek uitgestrek. Ons kry slegs twee teëmemories, wat, deur net 64 burgers onderteken, aandring op goedkeuring van die handeling van die President, en vra om geen ag te slaan op memories van persone wat hulle verkeerd het laat lei of wat iets onderteken het wat hulle nie verstaan nie.

By die bespreking in die Raad van die memories is daar nog meer lig op die saak gewerp. O.a. het een lid gesê dat hulle ook by hom was met sulke memories, maar dat, toe hy memorialiste uitgelê het wat werklik in die wet staan, hulle heeltemal tevrede was. 'n Ander lid het die oorsaak van die misnoeë as volg gestel: — „Al wat er meer tegen is, is een vergift dat door een of meer personen gezaaid is onder de burgery". Hierdie bewering is deur ander bevestig.

Nou het Burgers sy gewone diplomasie verloor en op uitdaende wyse beduie dat hy hom aan die letter van die wet sou hou, maar dat hy die gees daarvan sou negeer. Eienaardig was die houding van S. J. P. Kruger, Burgers se groot teëwerker, by hierdie debat. Hy beskerm en verdedig die misleide opgehitste memorialiste en terselfdertyd lewer hy 'n sterke pleidooi ten gunste van die wet, en sê dat memorialiste bang is dat dogmatiese onderwys gegee sal word, m. a. w. dat hulle bang was dat nie volgens wet sal gehandel word nie.

Aan die memorialiste is geantwoord dat die griewe waarteen hulle agiteer nie bestaan nie, aangesien wat hulle versoek in die wet opgeneem is, en in verband met die aanstelling van die Supt. dat dit

heeltemal volgens wet is — hy was n.l. lidmaat van 'n Protestantse kerk.

## DIE OPENING VAN DIE HOËRSKOOL.

Ondertussen was 'n poging gemaak om die wet in werking te kry. In 'n goewermentskennisgewing van 13 Maart '76 was aan die kommissies bekend gemaak dat van toe af alle korrespondensie re onderwyssake gerig moes word aan die Supt. en nie aan die U. R. nie. Dus die skole wat nog nie onder die nuwe wet ingedeel was nie, het nou ook regstreeks onder van Gorkom gekom. Gedurende Mei is ook die kommissie gekies vir die Gimnasium in Pretoria. [1])

In die St. Crt. van die 24ste gee hulle kennis dat die lesse op die 1ste Julie e.v. 'n aanvang sou neem. Hierin is vertraging gekom, want deur die besighede in verband met die V. R. sitting en die drukte deur die uitgetrokke kommando veroorsaak — miskien ook wel deur gebrek aan leerlinge — was al die nodige maatreëls nog nie klaar nie. Uiteindelik is die inrigting geopen met drie klein seuntjies, wat die elementêrste onderwys ontvang het, m. a. w. die skema was 'n wanhopige mislukking, en dit hoofsaaklik omdat in hierdie inrigting veral, geheel en al misken is die gewoonte van die tyd — veral op die dorpe — om Engels 'n vername — so nie die grootste gedeelte toe te ken van die beskikbare tyd nie. Daarby het nog gekom dat ortodokse mense hulle kinders nie na die liberale en moderne skool sou stuur nie, die Kapenaars sou hulle kinders nie onder die leiding van rou Hollanders plaas nie, en die Engelssprekendes en Engelsgesindes sou hulle kinders nooit deur Hollands-medium laat onderwys nie. So was dit dus niks anders as 'n normale verskynsel dat daar geen kinders in die Gimnasium was nie; ons is slegs daaroor verwonder dat daar nog drie was. Die name sou dit kan verklaar.

Die Engelse en die Engelsgesinde element het nie stil gesit nie en toe dit duidelik was in watter rigting die Gimnasium sou gestuur word is daar 'n kommissie gevorm van wie o.a. lid was Eerw. Geo Weavind, P. J. Kirsten, J. R. Lys en J. Mears en, in samewerking met J. Lawrie, wat in Heidelberg 'n skool vir laer en middelbare onderwys gehad het, voorbereidsels gemaak vir 'n dergelike Engelse inrigting in Pretoria. Hierdie skool is op 3 April '76 geopen onder

[1]) St. Crt.: XIX, 633 van 17-5-76.

die naam van „Academy". Die sukses van hierdie inrigting verklaar gedeeltelik die afwesigheid van leerlinge in die Gimnasium. Was daar 40 of 50 gewees, al was hulle dan maar 8 of 9 jaar oud, dan sou dit in alle geval gewys het dat daar 'n moontlikheid was om voort te gaan. Die sukses van die Loreto Huis-skool en die Prospect Seminarie kort daarna, wys dat daar aan kinders geen gebrek was nie, veral omdat die Gimnasium bereid was om jong kinders in te neem. Dit wil ons toeskyn of die kommissie wat gekies was ook nie heeltemal van plan was om die onderneming 'n sukses te maak nie. Die mislukking van die Gimnasium is o.i. te wyte aan die volgende redes: —

1. Die personeel was modern.
2. Die personeel was Hollanders.
3. Die medium van onderwys was Hoog-Hollands.
4. Die skoolgelde was hoog.
5. Die kommissielede het nie eenstemmig geloof aan die nut van die inrigting onder die bestaande personeel en President.

## DIE EKSAMEN-KOMMISSIE VAN 1876.

De U. R. het 'n nuwe eksamen-kommissie aangestel om die by wet voorgeskrewe 1ste, 2de en 3de klas onderwysers-eksamens af te neem. Daarom was op 8 Mei '76 eervol ontslag gegee aan die lede van die eksamen-kommissie, daargestel volgens U. R. besluit van '69 en op 17 Mei e.v. was die nuwe „reglement voor het examineren van onderwyzers" in die St. Crt. gepubliseer. Dit was goedgekeur by U. R. besluit van 12 Mei. Volgens hierdie reglement sou die derde klas eksamen afgeneem word in die hoofplek van die distrik, deur 'n kommissie bestaande uit die Supt. v. O. as voorsitter, die hoofonderwyser van die distrik, en drie lede van die distrik-skoolkommissie. Die twede en eerste klas eksamen sou afgeneem word in die hoofstad, deur 'n kommissie bestaande uit: die Supt. v. O. (voorsitter), die rektor en twede leraar van die Gimnasium, een lid van die gekose deel van die Gimnasium-kommissie, een lid van die deur die Regering aangestelde lede en die Landmeter-Genl.

## TOESTANDE WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT DIE ANNEKSASIE.

Op staatkundige gebied het sake gou 'n wending geneem wat alles uit verband sou ruk. Engeland het reeds 'n oog op die Repu-

bliek begin slaan, en die plan, in vreedsame vorm gegiet, n.l. 'n voorstel tot konfederasie — onder Engeland natuurlik — was reeds uitgestrooi.

Die wantroue teen Burgers se vrysinnigheid, wat op gewetenlose manier deur die opposiesie gebruik is [1]), het Burgers se mag gebreek en die regering lamgeslaan. Die Sekoekoenie-veldtog het hierdeur hopeloos misluk, en daarna is die volk opgestook om die opgelegde belastinge nie te betaal nie. Burgers het toe begin besef in watter rigting die fout lê, want in Sept. '76 het hy spesiaal die grondwet laat verander sodat iedereen vryheid sou hê in die uitoefening van sy godsdiens en dat dit almal vrystaan om vir die doel kerke en skole te stig; en toe lede beweer dat dit reeds in die wet was het hy geantwoord dat dit ook geleentheid sou gee om godsdiens — dogma — in die skole te leer.

Die ware gebrek is aangeroer deur die voorsitter van die Raad wat vertel het dat die Komdt. Genl. sê „dat de menschen tegen de staatsschool zyn omdat ze den heer van Gorkom niet vertrouwen over de jeugd." In werklikheid was die mense dan ook onder leiding van die kansel vermaan in naam van God en geloof om die vrysinnige President opsy te sit. [2])

Die pro-Engelse gedeelte het al harder om intervensie begin roep en Shepstone, wat reeds aangekom het, [3]) het al openlike stappe begin neem. Om anneksasie af te wend is nog in haas 'n paar verdere veranderinge in die grondwet aangebring [4]), maar niks kon keer nie en die Republiek is geannekseer — April 1877.

## DIE ONDERWYSTOESTANDE AAN DIE END VAN DIE BURGERS-REGERING.

Omdat pas in Mei die eerste skool onder die wet begin het, val die eerste verslag al in die volgende periode. Dit skyn dat, veral teen die end, die Supt. v. O. meer met publieke en politieke sake besig was as met die organisasie van die skole, wat onder hom sorteer het.[5])

---

[1]) J. F. van Oordt: aangeh. w; bls. 162.

[2]) Verklaring van Burgers, gepubliseer deur Philip Watermeyer, M. L. A.

[3]) Shepstone se verklaring aan die Uit. R. van die Republiek op 26-1-77; sien notule van dieselfde datum; art. 38.

[4]) St. Crt. XX, 678, van 31 Maart 1877.

[5]) Van Gorkom is o.a. gestuur met die kommissie wat met Sekoekoenie moes onderhandel toe laasgenoemde sy eerste vredesaanbod skielik ontken het.

Pas na Junie '77 is sy eerste staat ingestuur. Die oorsig loop van Mei '76 tot Junie — in één geval Julie — 1877.

As daar ooit iemand sleg bereken was vir 'n administratiewe pos, waar hy verantwoordelik sou wees vir die eerste begin van 'n sistematiese statistiek, ens. dan was dit seker van Gorkom. [1]) Uit die state self, waar dit geldsake betref, blyk dat hy met niks op die hoogte was nie, en dat daar gaos geheers het. Dit moet dus 'n uiting van onmag gewees het waar hy verklaar dat die wet nooit in werking was nie. In geen enkele opsig is dit ook maar naby volledig uitgevoer nie. Dit het hoofsaaklik gegaan soos onder die wet van '66, waar die onderwyser sy salaris van die Goewerment ontvang en die skoolgelde gekollekteer en gehou het. Geen enkele punt bring jou onder die indruk dat jy met 'n nuwe wet te doen het nie, met uitsondering miskien van die ekstra subsiedie wat uitbetaal is. Hier volg 'n paar aanhalings uit die staat: —

Distrikskool Pretoria: Mei '76—Juni '77.

Skoolgeld wat moes inkom £ 271-4; werklik ontvang £ 226-2.

Verantwoording van skoolgelde:

| | |
|---|---|
| Aan onderwysers uitbetaal | £ 152-19-0 |
| Skoolmeubels | £ 22-13-0 |
| Pryse | £ 10- 0-0 |
| Vir kollekteer van skoolgelde | £ 11- 6-0 |
| | £ 196-18-0 |
| Balans | £ 29- 0-0 |

Terselfdertyd was deur die Regering uitbetaal aan die skool: —

| | |
|---|---|
| Salaris van hoofonderwyser 18 m. @ £ 200 p. j. | £ 300 [2]) |
| Salaris assistent-onderwyser | £ 107-13-4 |
| Salaris assistent- onderwyser [3]) | £ 66-13-4 |
| Reisonkoste vir hoofonderwyser uit Holland | £ 50- 0-0 |
| | £ 524- 6-8 |

---

[1]) Sien sy stukke in die Argief in Pretoria onder die onderwyspapiere van 1876—1878.

[2]) Die hoofonderwyser, van Nikkelen Kuyper, was ook deur Burgers in Holland aangewerf. Daarom het sy salaris reeds ingegaan vanaf 1 Jan. '76.

[3]) Hierdie assistente was maar 'n gedeelte van die jaar werksaam gewees. Hulle salaris is bereken @ £ 125 p.a.

Hier is dus behalwe die volgens wet vasgestelde salaris nog £ 150 aan die onderwysers betaal. Aan pryse is £ 10 uitgegee, wat volgens wet ook nie uit hierdie fonds moet kom nie, net so min as die £ 11.—.6 wat betaal is vir die kollekteer van die skoolgelde. Hier is geen subsiedie uitbetaal nie. Was die salarisse nie deur die Goewerment uitbetaal nie dan sou met die £ 300 subsiedie by die skoolgeld die skool sy eie koste gedek het soos by wet bedoel. Waarom hier geen subsiedie uitbetaal is word nie gegee nie. Dis tog die eerste skool wat onder die nuwe wet gekom het — nominaal.

Distrikskool Potchefstroom: Julie '76 — Junie '77.

Op versoek van die Tesourier is die skoolgelde hier deur die hoof ontvang. Die totale bedrag was £ 155-19-3 — hier word nie aangegee wat moes ingekom het nie. Die geld is as volg uitgedeel: —

| | |
|---|---|
| Vir die hoofonderwyser ..................... | £ 100- 0-0 |
| Vir die assistent .......................... | £ 50- 0-0 |
| Aan meubels ................................ | £ 5-19-3 |
| | £ 155-19-3 |

Dis baie opvallend dat, nadat die hoof en die assistent hulle bonus ontvang het, die rekening vir meubels net op die kop £ 5-19-3 was. Vir hierdie skool het die Staat nog bygedra: —

| | |
|---|---|
| Salaris vir hoofonderwyser @ £ 200 p. j. vir 18 m. | £ 300 [1]) |
| Salaris vir assistent, 15 Julie '76—1 Julie '77 .... | £ 119- 6. |
| Reis uit Holland van hoofonderwyser .......... | £ 100 |
| Subsiedie ................................ | £ 300 |
| | £ 819- 6 |

Hierby teken van Gorkom self aan dat hy nie weet hoe hulle die subsiedie gebruik het nie. Uit die voorgaande blyk weer duidelik dat ons hier met 'n dubbele sisteem te doen het. As die onderwyserssalarisse betaal word is die subsiedie nie nodig nie en omgekeerd.

[1]) W. Louis was ook in Holland aangewerf.

Distrikskool, Wakkerstroom: Sept. '76—Junie '77.

Hieromtrent teken van Gorkom aan dat die hoofonderwyser die skoolgelde ontvang en vir homself gehou het aangesien hy eienaar is van die skoolgebou en bybehorende meubels. Hierdie bedrag was £ 90. Die salaris is deur die Regering uitbetaal maar geen subsiedie nie.

So is ieder van die skole wat van Gorkom in sy staat aanhaal om die een of ander rede vir hom 'n probleem. In Utrecht het die hoof b.v. salaris ontvang teen £ 125 p. j. 'n skaal wat onder die wet nie vir hoofde bestaan nie. Dis waarskynlik die salaris van onder die wet van '66, maar hierdie skool is Febr. '77 geopen. Dus ook duister.

Van Gorkom se Dept. was dus in groot wanorde. Dis duidelik dat die kommissies wat onder die wet gevorm is, hulle pligte glad nie of baie sleg uitgevoer het en glad nie na die finansiële kant omgekyk het nie. Dit was trouens onnodig by die oordaad van die regering en by die gebrek aan organisasie by die Supt.

## DIE EKSAMENS.

Die reglement vir die eksamineer van onderwysers was ook nie 'n groot sukses nie, veral toe die Supt. Genl., wat volgens art. 2 voorsitter van die kommissie was, hom laat verteenwoordig het deur 'n plaaslike persoon, sodat die kommissie dan bestaan het uit die hoofonderwyser, drie lede van die skoolkommissie en die verteenwoordiger van die Supt. Dus alleen die hoofonderwyser het noodwendig iets van die onderwysvakke, waarin geëksamineer moes word, afgeweet. Alles was dus in sy hande, en dit het in sommige gevalle nie bevredigend gewerk nie. [1])

Dit eindig één van die mins-produktiewe tydperke in die onderwysgeskiedenis van die Transvaal. Redes vir die mislukking is reeds deur verskillende persone gegee.

Dr. Vacy Lyle [2]) se eerste rede was nie die ware oorsaak nie, ook sal ons sien dat later plaaslike inisiatief onder 'n gewilde Supt. baie kon doen; in sy derde punt raak hy die waarheid as hy dit toepas op personeel i.p.v. op die wet self.

---

1) Sien brief van J. G. Zietsman, dd. 12-3-78; Argief.

2) Rapport van Lyle: art. 30.

Dr. Hoogenhout [1]) se eerste rede het modifikasie nodig as ons in aanmerking neem dat Burgers ook 'n hele paar uitstekende onderwysers vir die laer skole uitgebring het. Sy twede gee die oorsprong van die misverstand, dit moet egter wees art. 26 van die *konsep*. Dit was n.l. die kapstok vir die griewe. Die derde meen ons sal beter pas by die taal en die personeel dan by die wet, want art. 36 was nie baie verskillend van die wet van '66 nie. [2])

Daarom reken ons dat die mislukking van die onderwyswet hoofsaaklik te wyte is aan: — Burgers se moderne insigte wat hy gedurig op die voorgrond gedruk het. Dit was oorsaak van alles. Die ander soos b.v. die deurvoer van sy moderne idees in die konseponderwyswet; die aanstel van moderne amptenare om die wet uit te voer; die aanstel van Hollanders om dit uit te voer, is regstreeks 'n gevolg van die eerste. Holland was die land waar hy gedurende sy studietyd die moderne insigte leer huldig het.

Die wet is nie misluk om inherente foute nie — hulle was daar wel maar het nooit kans gehad om uit te kom nie — maar alleen omdat Burgers modern was en daarom alleen. Sy voorliefde vir Hollandse onderwysers is uit dieselfde oorsaak ontstaan.

Gedurende hierdie periode was huisonderwys meer in swang dan ooit tevore, en met die toenemende bronne van inkomste was salarisse in sommige gevalle goedgenoeg om die onderwysers heeltemal tevrede te stel met die lewe. [3]) Daar is private onderwysers wat van £ 5 tot £ 8 per maand gekry het, behalwe losies en inwoning, wat baie gunstig vergelyk met die salarisse van die hoogste assistente, n.l. £ 125 p. j., sonder die aangehaalde voorregte.

---

1) Gedenkboek...., bls. 55.
2) St. Crt.; XIX, 637, van 14-6-76.
3) Uittreksel uit het Dagboek van A. de Jongh van Arkel: bls. 7.